WISKUNDIGE GELETTERDHEID

Liewe graad 12 Wiskundige Geletterdheid-leerder
Wiskundige Geletterdheid is 'n vak wat jou toerus met kennis en vaardighede om alledaagse probleme te hanteer. Hierdie kennis wat jy sal bemeester is geanker in suiwer wiskundige kennis wat jy in vorige grade aangeleer het. Die probleme uit die daaglikse lewe word georganiseer in VYF onderwerpe, naamlik:

- finansies,
- meting,
- kaart, planne en ander voorstellings van die fisiese omgewing,
- datahantering en
- waarskynlikheid.

Vakvereistes

- 'n Goeie handboek en eksamenstudiegids
- 'n sakrekenaar

Inhoudskontrolelys

Die lys hieronder gee 'n opsomming van die inhoud wat jy onder elke onderwerp sal bestudeer:

1. Finansies

- Finansiële dokumente
- Tariefstelsels
- Inkomste/uitgawe/wins en verlies, begrotings, inkomste en uitgawestate
- Kosprys en verkoopprys
- Gelykbreek analise
- Rente
- Banksake; lenings en beleggings
- Inflasie
- Belastings
- Wisselkoerse

2. Meting

- Omskakeling van eenhede
- Lengte
- Gewig/massa
- Omtrek
- Oppervlakte
- Volume
- Temperatuur
- Tyd

3. Kaartwerk, huisplanne en ander voorstellings van die fisiese omgewing

- Kaarte
- Skaal
- Planne
- Modelle

4. Datahantering

- Insameling van data
- Klassifisering van data
- Organisering van data
- Opsomming van data
- Voorstelling van data
- Interpreteer en analiseer data

5. Waarskynlikheid

- Uitdrukking van waarskynlikheid
- Voorspellings
- Waarskynlikheid van enkelvoudige gebeurtenisse
- Waarskynlikheid van saamgestelde gebeurtenisse

Assessering

Gedurende die jaar moet jy SES formele assesseringstake voltooi. Punte wat in hierdie take verwerf word, verteenwoordig jou finale skoolgebaseerde assesseringspunt (SGA). Hierdie SGA-punt tel 25% van jou finale punt vir Wiskundige Geletterdheid. Die finale eksamen tel 75% van die finale punt vir die vak.

KWARTAAL	GRAAD 12	
1	Ondersoek	Minimum van 50 punte
	Kontroletoets 1	
2	Opdrag	Minimum van 50 punte
	Vraestel 1 2 uur (100 punte)	Vraestel 2 2 uur (100 punte)
3	Kontroletoets 2	Minimum van 50 punte
	VOORBEREIDENDE EKSAMEN	
	Vraestel 1 3 uur (150 punte)	Vraestel 2 3 uur (150 punte)
4	**EKSTERNE EKSAMEN**	
	Vraestel 1 3 uur (150 punte)	Vraestel 2 3 uur (150 punte)
Totaal: SGA + Eksterne eksamen = 400		

Eksamens

Wiskundige Geletterdheid eksamens bestaan uit twee vraestelle (150 punte elk). Vir albei vraestelle is ongeveer 30% van die vrae (45 punte) almal maklike vrae en toets u die vermoë om basiese wiskundige berekeninge in 'n bekende konteks uit te voer. 30% van die oorblywende vrae toets u vermoë om 2-stap of 3-stap konteksgebaseerde vrae te doen. Die res, 40%, van die vrae, toets u vermoë om wiskundige en nie-wiskundige kennis te gebruik om probleme in bekende en onbekende kontekste op te los asook om te redeneer + te reflekteer.

- **Vraestel 1:** Die volgende kontekste word in vraestel 1 behandel: Finansies, Datahantering en Waarskynlikheid.
- **Vraestel 2:** Die volgende kontekste word in vraestel 2 behandel: Meting, Kaarte en planne en Waarskynlikheid.

VRAESTEL 1	VRAESTEL 2
Finansies 60% (±5) Datahantering 35% (±5) Waarskynlikheidy 5% Met inbegrip van groeikaarte (CAPS bladsy 70) word die toepassing van maatstawwe vir verspreiding in datahantering getoets.	Kaarte, planne en ander voorstelling in die fisiese wêreld 40% (±5) Meting 55% (±5) Waarskynlikheid 5% Met inbegrip van (Inkomste, Uitgawes, Wins / verlies, Inkomste-en-Uitgawestate en Begrotings, Kosprys en Verkoopprys) waar daar direkte skakel bestaan met Meting en Kaarte en Planne.
Vraag 1: 30 punte ± 5 punte Vlak 1 vrae oor Finansies en Datahantering **Vraag 2:** Finansies **Vraag 3:** Datahantering **Vraag 4:** Geïntegreerde konteks te oor Finansies en Datahantering Met inbegrip van groeikaarte (CAPS bladsy 70) word die toepassing van maatstawwe vir verspreiding in datahantering getoets. **Vraag 5:** Finansies, datahantering of geïntegreerde konteks Waarskynlikheid sal in die konteks van een of meer van die vrae getoets word. Elke vraag kan meer as een konteks bevat.	**Vraag 1:** 30 punte ± 5 punte Vlak 1 vrae oor Kaarte, planne en Meting **Vraag 2:** Kaarte en planne **Vraag 3:** Meting **Vraag 4:** Geïntegreerde konteks oor Kaarte, plannne en Meting Met inbegrip van ± 5% (Inkomste, Uitgawes, Wins / verlies, Inkomste-en-Uitgawestate en Begrotings, Kosprys en Verkoopprys) waar daar direkte skakel bestaan met Meting en Kaarte en Planne. **Vraag 5:** Meting, Kaarte en planne of geïntegreerde konteks Waarskynlikheid sal in die konteks van een of meer van die vrae getoets word. Elke vraag kan meer as een konteks bevat.
N.B: ELKE VRAESTEL KAN UIT 4 OF 5 VRAE BESTAAN	